

Noordelike Sinode

Taakspan Missionale Kerkwees

Verslag aan die Sinode 16-20 Oktober 2022 te Weesgerus

1. Opdrag

Die Sinodale Diensraad het op sy vergadering van 2017-02-24 drie prioriteite vir die volgende 4 jaar geïdentifiseer, nl Missionale Transformasie, Leierskapsontwikkeling en Jeugbediening. Missionale Transformasie is opgedra aan die Taakspan vir Missionale Kerkwees. Hierdie opdrag vir 4 jaar is egter as gevolg van die Covid-19 pandemie verleng tot die Noordelike Sinode sitting 2022.

Die opdrag aan die Taakspan vir Missionale Kerkwees het Artikel 2, Artikel 53 en Artikel 55 van die Kerkorde 2016 en 2019 as vertrekpunt gebruik vir die basis van die uitvoering van die opdrag. Artikel 2, Artikel 53 en Artikel 55 lui as volg:

Artikel 2

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is deur God Drie-enig geroep om deel te neem aan die missie van God in die wêreld. Die Kerk word deur die Heilige Gees opgebou om God se eer te dien en verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus.

Artikel 53

53.1 Die missie van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is om lewe en volheid aan die wêreld te gee, en die kerk is in diens van God se missie.

53.2 Deur dié gemeente:

- *laat God sy Woord verkondig,*
- *bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand,*
- *laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer,*
- *laat Hy sy opdrag om die skepping en lewe te bewaar sigbaar tot uitdrukking bring, en*
- *word sy geregtigheid en versoening verkondig.*

53.2 Die gestuurde kerk bedien die evangelie in al sy dimensies aan mense wat die evangelie nie ken nie of daarvan vervreemd is.

53.3 Elke gemeente is 'n gestuurde gemeente en so elke lidmaat van die gemeente.

Artikel 55

55.1 Die roeping van die Kerk in sy gestuurdheid na die wêreld (Missio Dei) impliseer die toegewyde dienswerk van elke gelowige.

55.2 Elke gelowige ontvang van die Here die gawes, die geleentheid en die krag van sy Gees om in hulle daaglikse lewe gestalte te gee aan God se liefde vir hierdie wêreld.

55.3 Met die oog hierop behoort die Kerk gelowiges toe te rus, te inspireer en te ondersteun.

55.4 Die Kerk skep geleenthede waar gelowiges betrek word by die uitbou van die Kerk en die uitbreiding van God se Koninkryk.

55.5 Dit staan gelowiges ook vry om ter wille van hulle dienswerk in die wêreld self aksies te begin en netwerke of vennootskappe te vorm om die Koninkryk te bevorder.

55.6 Die Kerk gee met gesonde oordeel haar seën en samewerking aan hierdie aksies, netwerke of vennootskappe wat ook in diens staan van die Missio Dei.

Die fokus van die opdrag was om gemeentes binne die Noordelike Sinode op die missionale reis aan die hand van die Algemene Sinode se riglyne te neem.

2. Taakspanlede

Die Taakspan het bestaan uit die volgende lede:

Ds Frans du Plessis

Ds Francois Esterhuizen

Ds Willie Korb

Dr Retha Kruidenier

Ds Zelda Massyn

Ds Hannes Peens

Ds Hannes Bezuidenhout

3. Uitvoering van die opdrag

Die Algemene Sinode het 'n raamwerkdokument in 2013 daargestel wat uitgewys het dat om 'n Missionale kerk te wees, die kerk in al haar werksaamhede geraak word. Die identiteit van die NG Kerk, die fokus op die Drie-eenheid van God wat in hierdie wêreld betrokke is (die Missio Dei), die kerk as 'n gestuurde gemeenskap, oor die Koninkryk van God en die lewensveranderende betekenis van Jesus se menswording, raak die roeping van die kerk.

Die Taakspan het 'n aksieplan gevolg deur die opdrag om die gemeentes in die Noordelike Sinode aan die hand van die Algemene Sinode se riglyne te begelei. Die Taakspan het die volgende gedoen om die opdrag uit te voer:

- 'n Gesprek gevoer met dr Lourens Bosman (Algemene Bestuurder van die Algemene Sinode) om 'n duidelike verwysing te vind rakende die werksaamhede op Algemene Sinodale vlak rakende Missionale Transformasie.
- Verskeie gesprekke is gevoer met die Noordelike Sinode se verteenwoordigers op die Algemene Sinode te taakspanne vir Missionale Transformasie. Gesprekke is ook gevoer met leraars in die Noordelike Sinode wat hulleself reeds ingegrawe het in Missionale kerkwees. Die gesprekke het gesentreer rondom elkeen se terrein van verantwoordelikheid en op welke wyse die terrein van verantwoordelikheid 'n bydrae kan lewer tot die uitvoering van die opdrag van die SDR rakende Missionale Kerkwees.

Gesprekke is gevoer met die volgende Noordelike Sinode verteenwoordigers by die Algemene sinode en leiers in eie reg op die terrein van Missionale Kerkwees:

dr Willem Pretorius	dr Marinda van Niekerk
dr Dieter de Bruin	ds Jana de Lange
ds Paul Grobler	dr Johan Avenant
ouderling Amos Schreuder	dr Jan Botha
dr Nelius Steyn	

- Die Taakspan het 'n vraelys aan die leraars van die Noordelike Sinode gestuur om nog meer duidelikheid te bekom rakende elke gemeente leraar se behoefte tot kommunikasie, begeleiding en blootstelling aan die riglyne van die Algemene Sinode se Missionale Kerkwees. Hierdie vraelys is opgevolg deur 'n vraelys by die SDR waar die Ringe se verteenwoordigers verder tot hulp was om die taakspan se opdrag te verfyn.
- Die taakspan het tydens die eerste byeenkoms duidelik bewus geword van die Noordelike Sinode se diversiteit, die bestaande bronne van kennis en die bewustheid van die gemeentes se roeping om hoop te bring deur 'n verskil te maak.

Die taakspan het besluit om bestaande inligting te gebruik en die bronne wat reeds tot elke gemeente, leraar en lidmaat se beskikking is, te bevorder. Die Taakspan se doel was nie om nuwe programme uit te werk nie, maar deur bewusmaking 'n bydra te lewer tot die begrip van die karakter van Missionale Kerkwees en die moontlikhede om meer missionaal op te tree binne 'n eie konteks.

- Die taakspan se fokus om meer doeltreffend kommunikasie te bevorder tot die Noordelike Sinode het daartoe gelei dat tydens elke SDR vergadering 'n kenner op verskillende terreine van Missionale Kerkwees genooi is. Tydens die SDR vergaderings waar 'n kenner kon optree, is die gesprekke gefokus op die praktyk van Missionale Kerkwees en die teologiese onderbou vir 'n Missionale kerk.

Die taakspan het toegesien dat alle nuwe produkte, programme of toerustingseleenthede deur middel van die Noordelike Sinode se nuusbrief, die Verskil gekommunikeer is. Die Taakspan het ook die geleentheid benut om leraars wat toerustingseleenthede met die oog op missionale kerkwees bygewoon het, gedeeltelik te subsidieer.

Die taakspan het 'n blog ontwikkel met die oog daarop om kort rubrieke te plaas met die fokus op: reflekteer (reflect), optrede (act) en vier (celebrate). Die fokus was om die artikels in Afrikaans en Engels beskikbaar te stel. Hierdie inisiatief het egter nie die aftrek

ontvang waarvoor daar gehoop is nie en is daar afgesien om dit verder te dryf.

- Die taakspan het deur die hoor van stories van Hoop tot die diep indruk gekom hoe gemeentes binne die konteks van die gemeente 'n verskil maak. Die Hoop wat gemeentes binne kontekste bring is waar gemeentes op die volgende fokus:
 - Klem word gelê op die lewende God, wat aktief handel in die wêreld of konteks van die gemeente.
 - 'n Duidelike herwaardering van die plaaslike gemeente as die kern van kerkwees in die Noordelike Sinode. Die plaaslike gemeente raak meer bewus van haar roeping.(ekkesiologie)
 - Gemeentes raak meer bewus van die bediening van dissipelskap, geloofsvorming, koinonia, diens aan die plaaslike gemeenskap en uitleef van die roepingsbesef. Gemeentes besef die fokus moet skuif, weg van instandhouding, selfhandhawing en oorlewing.
 - Gemeentes is duidelik daarvan bewus dat geen bloudruk bestaan vir gemeentes nie. Elke gemeente is 'n unieke gemeenskap van gelowiges binne die konteks waar die gemeente diensbaar is.
 - Gemeentes fokus meer op die toerusting en bemagtiging van lidmate om aktiewe getuies van die koninkryk van God te wees.

- Die taakspan se werksaamhede het dit duidelik onderstreep dat die gemeente as 'n missionale kerk op ses vlakke betrokke is met haar roeping binne 'n spesifieke konteks. Die plaaslike gemeente is betrokke op die volgende vlakke:
 - Die gemeente is betrokke op die vlak van die lidmaat.
 - Die gemeente is betrokke op die vlak van huishoudings van gelowiges.
 - Die gemeente is betrokke as die gemeenskap van gelowiges.
 - Die gemeente is betrokke binne die kerkverband.
 - Die gemeente is ekumenies betrokke deur netwerke en denominasies binne die konteks van die gemeente.
 - Die gemeente is betrokke in die gemeenskap waar waardes van vrede, geregtigheid, omgee en liefde geleef word.

- Die taakspan het die opdrag afgehandel deur as 'n brug te dien tussen die Algemene Sinode, SDR, Ringe en gemeentes. Die funksie van die taakspan was om die Noordelike Sinode daaraan te bly herinner dat hierdie familie in Christus steeds 'n unieke geleentheid het om op 'n skeppende en kreatiewe wyse te reageer deur 'n gehoorsame luister en onderskeiding van die wil van God vir die tyd waarin die kerk haarself bevind.

Die taakspan het ten doel gehad om te help dat daar 'n duideliker verstaan ontwikkel rakende die begrip: Missionale kerkwees. Hierdie begrip raak die hele bestaan van elke gemeente. Die seën van Missionale Kerkwees binne die Noordelike Sinode lê binne die ruimte waar gemeentes volhoudend by mekaar leer en saam nuwe drome droom. Die fokus vir elke gemeente moet steeds die vraag bly: Wat is 'n Missionale Kerk binne ons konteks?

4. Aanbevelings

- 4.1 Die Noordelike Sinode spreek haar dank uit teenoor die taakspan en elkeen wat meegewerk het om die gemeentes meer bewus te maak van Missionale Kerkwees.
- 4.2 Die Noordelike Sinode verwys die verdere rol wat die taakspan vir Missionale Kerkwees binne die konteks van die Noordelike Sinode kan speel na die Sinodale diensraad.

5. Slotwoord

Die Taakspan is bewus van die opwindende en energiewekkende toekoms van die kerk. Die potensiaal wat opgesluit is in gemeentes binne die Noordelike Sinode, getuig van God wat lewegewend is. Daarom bly dit 'n voorreg vir die taakspan om saam te reis met elke gemeente in haar fokus as 'n Missionale kerk in die bekende konteks van die gemeente.

Dankie in besonder aan elke lid van die SDR en gemeentes vir die ondersteuning.

Groot waardering word ook uitgespreek vir die ondersteuning en geduld vanuit die Sinodehuis.

Dankie aan elke lid van die taakspan vir hulle toewyding, persoonlike opoffering en die saamreis.

Hannes Bezuidenhout

Taakspanleier: Missionale Kerkwees

Oktober 2022